# DIE EERSGEBORENE

Die besondere plek wat eersgeborenes in die Skrif inneem, is baie opsigtelik. As ons dit bestudeer sien ons dat die hele Verlossingsplan daaraan gekoppel is. Een van die kenmerke van die Orde van Melgisèdek is dat dit rondom eersgeborenes wentel en dit sal duideliker word verder in hierdie studie. Die Orde van Melgisèdek, Eersgeborenes en die Verlossingsplan, kan derhalwe in dieselfde asem gesê word.

**Inleiding**

Eersgeborenes (MelekTzadek) moes deur die Leviete vervang word nà die aanbidding van die Goue Kalf. Daar was meer Eersgeborenes as Leviete en die oorblyfsel is met silwer wat verganklik is, losgekoop.

Hierdie transaksie is weer omgekeer met ‘n gewigtiger transaksie nadat ‘n prys met die onverganklike Bloed van JaHUsha betaal is, waartydens die Eersgeborenes (MelekTzadek) weer teruggekoop is. Dit het die Orde van Melgisèdek weer in plek geplaas, sodat gelowiges in Messias JaHUsha nou ‘n Koninklike Priesterdom genoem word.

Omdat die losprys met die onverganklike Bloed van JaHUsha betaal is, sal hierdie Priesterskap nie weer met ‘n Levitiese of enige ander een vervang word nie.

**JaHUsha as Eersteling van die Skepping**

Met die intrapslag in die Woord word verduidelik dat JaHUsha die Eersteling van die Skepping is, hoewel ons dit regtig eers mooi begryp wanneer Johannes vir ons die lig daarop kom werp. Hy maak vir ons die konneksie deur die spesifieke woorde wat hy gebruik, want hy sou uit die Torah sou moes kon staaf dat JaHUsha die Messias is.

Albei die verse in Gen. 1:1 en Joh. 1:1 neem ‘n aanvang met die woorde: “In die begin **...** ”.

> Gen. 1:1 “**In die begin** het Elohiem die hemel en die aarde geskape.”

> Joh. 1:1 “**In die begin** was die Woord, en die Woord was by Elohiem, en die Woord was Elohim.”

Ook vers 2 beklemtoon dat Hy (die Woord) in die begin by Elohiem was.

> Joh. 1:2 “Hy was in die begin **by Elohiem**.”

Ons weet dat dit JaHUsha was a.g.v. Joh. 1:14.

> “En diè Woord het **vlees geword** en **onder ons gewoon** – en ons het Sy heerlikheid aanskou, ‘n heerlikheid soos van die **Eniggeborene wat van die Vader kom** – vol van genade en waarheid.”

Johannes getuig ook nog verder ...

> Joh. 1:3 – 4 “**Alle dinge het deur Hom ontstaan**, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie.

In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense."

Daardie begin was voordat daar tyd en ruimte was en voordat daar enige wêrelde was. In die Openbaring wat JaHUsha aan Johannes gegee het, getuig Hyself dat Hy die begin van die Skepping is.

Open. 3:14 "En skryf aan die engel van die gemeente van die Laodicense: Dit sê die Amein, die getroue en waaragtige Getuie, die **begin** van die skepping van Elohiem…"

Ons kry 'n wonderlike beskrywing van JaHUsha as Eersteling en Skepper voor die grondlegging van die wêreld in Spreuke 8.

Spr. 8:22 – 36 "JaHUaH het My berei as **eersteling** van Sy weg, voor Sy werke, van ouds af.
Van **ewigheid** af is ek geformeer, van **die begin af**, van die **voortyd van die aarde af**.
Toe daar nog geen wêreldvloede was nie, is ek gebore; toe fonteine, swaar van water, nog nie daar was nie; voordat die berge ingesink het, voor die heuwels is Ek gebore; toe Hy die aarde en die velde en al die stoffies van die wêreld nog nie gemaak het nie.
Toe Hy die hemele berei het, **was Ek daar**; toe Hy 'n kring afgetrek het op die oppervlakte van die wêreldvloed; toe Hy die wolke daarbo bevestig het, toe die bronne van die wêreldvloed sterk geword het; toe Hy vir die see sy grens gestel het, dat die waters Sy bevel nie oortree nie; toe Hy die fondamente van die aarde vasgelê het – **toe was Ek 'n Kunstenaar naas Hom**, en Ek was dag vir dag vol verlustiging en het gespeel voor Sy aangesig altyd, en het gespeel op Sy wêreldrond, en My verlustiging was met die mensekinders.
Luister dan nou na My, seuns; want gelukkig is hulle wat My weë bewaar.
Luister na tug en word wys, en verwerp dit nie.
Gelukkig is die mens wat na My luister, om dag vir dag te waak aan My deure, by die syposte van My poorte die wag te hou.
Want hy wat **My vind,** het die **Lewe gevind** en verkry 'n welbehae van JaHUaH.
Maar hy wat My mis, benadeel sy eie lewe; almal wat My haat, het die dood lief."

In sy brief aan die gemeente in Kolossense, bevestig Paulus dat JaHUsha die Eersgeborene van die hele skepping is.

Kol. 1:15 - 17 "Hy is die Beeld van die onsienlike Elohiem, die **Eersgeborene van die hele skepping**; want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte – alle dinge **is deur Hom** en tot Hom **geskape**.
En Hy is **voor** alle dinge, en in Hom hou alle dinge stand."

**Adam**

Nadat alles geskape is, word Adam geskape as die eerste mens. Hy is dus die eersteling van die hele mensdom, maar die sondeval het drastiese gevolge gehad. Hulle moes die Tuin, die Huis van JaHUaH verlaat, weg van Hom af, in 'n wêreld wat aan hulle toe onbekend was. Hulle is vanuit 'n geestelike bestel verban na 'n fisiese bestel, naamlik die wêreld soos ons dit ken.

Hulle aanvanklike heerskappy oor die aarde (Gen. 1:26) is ook deur Satan gekaap omdat hulle aan die slang gehoorsaam was en ongehoorsaam was aan die opdrag van Elohiem (Sy Torah), sodat Satan nou

heerskappy oor die aarde gekry het. **Die fisiese wêreld is nou onder Satan se heerskappy.** JaHUsha noem hom die owerste van hierdie wêreld (Joh. 14:30. 2 Kor. 4:4).

Hoewel eersgeborenes aan JaHUaH behoort (Ex. 13:2), is die fisiese wêreld waarvan Satan nou die owerste is, vòòrop, en behoort die Tweede geborene nou aan JaHUaH omdat die mens **weer**gebore moet word om die **geestelike realm** waar JaHUaH is te kan binnegaan, nadat mens eerstens fisies gebore is (Joh. 3:3).

Eersgeborenes was veronderstel om as leier onder die kinders te opereer deur die ander die regte weë te leer en om die pa te verteenwoordig wanneer hy afwesig is en later die plek van die pa vol te staan as diè te sterwe sou kom. Maar reg van die begin van die Woord af, m.a.w. vanaf die Sondeval, merk ons op dat die eersgeborenes rebelleer. Hulle beveg diè wat nà hulle gebore is.

Dadelik is daar dus 'n probleem by Kain en Abel, die kinders van Adam en Eva. Kain, die rebel, se naam word eerste genoem en sy karakter is deurspek met duisternis. Hy maak die **regverdige Abel** dood.

> Matt. 23:35 "sodat oor julle kan kom al die regverdige bloed wat vergiet is op die aarde, van die bloed van die **regverdige Abel** af tot op die bloed van Sagaria, die seun van Berègja, wat julle vermoor het tussen die tempel en die altaar".

Regverdig is **'tzadik'** in Hebreeus. Abel was dus 'Tzadik' en as hy lank genoeg sou kon lewe, sou hy uiteindelik **koning** (melek) van sy hele groot nageslag kon word omdat mense baie lank gelewe het in daardie tyd.

Hy sou hierdie groot nageslag ook moes leer aangaande JaHUaH en aangaande 'n regverdige (tzadik) lewenswyse voor Hom, soos wat 'n **priester** doen. Hy sou dus 'n '**MelekTzadik**' wees, 'n koning-priester.

Duisternis het 'n stokkie daarvoor gesteek deur Abel uit die weg te ruim via Kain. Maar JaHUaH laat Set toe gebore word **in Abel se plek** as MelekTzadik.

> Gen. 4:25 – 26 "En Adam het sy vrou weer beken, en sy het 'n seun gebaar en hom Set genoem. Want, *het sy gesê*, Elohiem het my **'n ander kind** geskenk **in die plek van Abel,** omdat Kain hom doodgeslaan het.
> En ook vir Set is 'n seun gebore, wat hy Enos genoem het. Toe het hulle die Naam van JaHUaH begin aanroep."

Die woord 'Set' hou verband met die werkwoord 'om neer te sit', soos om iets te vestig. Ancient Hebrew Lexicon 1482 gee o.a. hierdie beskrywing:

> "Foundation: As a level place of seating"

Set, as Tweede geborene, was dus in <u>Abel se plek</u> en het as **Fondasie** gedien vir 'n lyn van Eersgeborenes uit hom wat daarna as MelekTzadik sou funksioneer. In Genesis 5 word daar genoem hoedat die een na die ander Set opgevolg het as eersgeborenes.

**Jakob en Esau**

Isak se vrou Rebekka, het 'n tweeling gehad, Esau en Jakob. Esau was eerste gebore en dus die eersgeborene, maar 'n baie belangrike ding het gebeur toe Esau **sy eersgeboortereg** aan Jakob **verkoop** het. Dit was vooraf aan Rebekka geopenbaar.

> Genesis 25:23: "En JaHUaH het haar geantwoord: Twee nasies is in jou skoot, en twee volke sal van mekaar gaan uit jou liggaam; en die een volk sal sterker wees as die ander volk; en die **oudste sal die jongste dien**."

Hoewel Esau die oudste was, was hy 'n rebel wat heidense vroue getrou het en nie regtig baie gedink het van sy eersgeboortereg nie.

> Gen. 25:33 – 34 "Toe antwoord Jakob: Sweer eers vir my. En hy het vir hom gesweer en **sy eersgeboortereg aan Jakob verkoop**.
> En Jakob het aan Esau brood en die kooksel lensies gegee; en hy het geëet en gedrink en opgestaan en weggegaan. So het Esau dan sy eersgeboortereg verag."

Ons ken die geskiedenis, die volk Israel het voortgekom uit Jakob, nadat Jakob se naam verander is na Israel (Gen. 28, Gen. 32:28). JaHUaH het 'n verbond met hom gesluit en sy 12 kinders het die 12 stamme van Israel geword.


DIE BEGINSEL VAN DIE TWEEDE GEBORENE BO DIE EERSGEBORENE, word baie mooi raakgesien by Tamar se tweeling, Peres en Serag.

**Peres en Serag**

Peres en Serag was die tweeling van Tamar wat sy gebaar het nadat sy vir Juda uitoorlê het (Gen. 38). Met die geboorte het die vroedvrou aan die eerste handjie wat sy gesien het, 'n rooi draad gebind. Dit was Serag se handjie, maar toe druk sy broertjie Peres hom terug en **Peres** word toe eerste gebore, instede van Serag.

Serag moes eerste gebore word, maar toe kom Peres eerste te voorskyn. Die een wat moes eerste wees, **is nou tweede**! Die rooi draad verteenwoordig die Bloedverbond. Dis hier waar mens dit duidelik raaksien dat JaHUaH die Tweede geborene met Sy Bloedverbond assosieer. Serag sou eerste gewees het, maar hy is verhinder.

> Genesis 38:27 – 30: "En toe sy baar, het een die hand uitgesteek; en die vroedvrou het dit gegryp en **'n rooi draad om sy hand gebind** en gesê: Hierdie een is eerste gebore.
> Maar toe hy sy hand teruggetrek het, word sy broer gebore! En sy sê: Hoe kragtig het jy deurgebreek! En hulle het hom Peres genoem.
> En daarna is sy broer gebore aan wie se hand die rooi draad was. En hulle het hom **Serag** genoem."



Peres het deurgebreek soos sy naam se betekenis aandui en dit dui op die sondeval wat op dieselfde blatante wyse dìt kom verbreek het wat aanvanklik eerste was, naamlik: Gees. Die sondeval het die fisiese nou eerste kom stel. Adam het eers vrylik met Elohiem gewandel. Die geestelike realm was moeiteloos teenwoordig. Maar nà die sondeval het hulle sò van hulle fisiese liggame bewus geraak, dat hulle dààrop gefokus het, en vir JaHUaH weggekruip het. Hulle was naak omdat hulle hulle geestelike bekleding van Sy heerlikheid verloor het. Hulle vyeblare-klere was 'n menslike poging om hulleself te bedek, maar dit het nie gedeug nie. Geen menslike werke kan sonde bedek nie. Die velle van bokkies moes die vyeblare vervang. Daar vloei toe die heel eerste bloed om sonde te bedek.

Daardie bloed wys heen na die bloed van JaHUsha wanneer Hy sou kom sonde weg te neem. Die rooi koord aan Serag se handjie was 'n simbool dat Eersgeborenes losgekoop sou word deur die Bloed van die Lam wat geslag is voor die grondlegging van die wêreld.

Serag beteken 'uitspruit' of 'om op te rys'. Hy het eersgeborenes, naamlik die Melgisèdekorde, verteenwoordig wat later weer sou oprys of uitspruit, nadat hulle eers op die agtergrond geskuif is. Die Melgisèkorde is net soos Serag teruggedruk of tot stilstand gebring deur die instelling van die Levitiese stelsel nà die aanbidding van die Goue Kalf (Ex. 32).

Hierdie voorbeeld van Serag en Peres verduidelik mooi hoedat daar in hierdie fisiese wêreld waar Satan heerskappy het, dit wat van Satan is, eerste tot stand kom. Maar net todat JaHUaH se Eersgeborene, Sy Melgisèdek, op die verhoog sou tree.

**Eersgeborenes in Egipte**

Jakob, wat nou die **eersgeboortereg** van Esau 'gekoop' het, se naam is later deur JaHUaH na Israel verander (Gen. 32:28). JaHUaH noem Israel as Jakob/Israel se nageslag wat Hy uit Egipte geroep het toe daarvolgens **Sy Eersgebore seun,** Ex. 4:22 (soos later ook vir JaHUsha, Matt. 2:15).

**Elke eersgeborene** van die Israeliete is gespaar d.m.v. die **bloed** wat aan die **deurposte** gesit was. Maar aan die ander kant, sterf al die eersgeborenes van die Egiptenare. Geen bloed van 'n lam aan hulle deurposte nie, (Ex. 12:13, Ex. 12:29).

Egipte verteenwoordig die fisiese wêreld waaroor Satan heerskappy gekry het. Israel verteenwoordig die geestelike, naamlik elkeen wat deur die Bloed van JaHUsha deel sal word van geestelike Israel.

> Ex. 11:4 - 7 "Toe sê Moses: So het JaHUaH gespreek: Omtrent middernag trek Ek uit dwarsdeur Egipte; dan sal **al die eergeborenes in Egipteland sterwe**, van Farao se eersgeborene af wat op sy troon sit, tot die eersgeborene van die slavin agter die handmeul en al die eersgeborenes van die vee.
> En daar sal 'n groot gejammer in die hele Egipteland wees soos daar nie gewees het en soos daar nie sal wees nie.
> **Maar teen geeneen van die kinders van Israel sal 'n hond sy tong verroer nie**, van die mense af tot die diere toe, dat julle kan weet dat JaHUaH 'n onderskeid maak tussen die Egiptenaars en die Israeliete."

Aan die einde van die dae, sal hierdie toneel weer afspeel. Die plae van Egipte word weer opgemerk in die Openbaring wat JaHUsha aan Johannes gegee het. Dan sal weereens net JaHUaH se Eersgeborenes afgesonder word, diè wat JaHUsha se bloed aan hulle hartsdeure het.

**Nà die uittog uit Egipte**

Onmiddellik nà die uittog uit Egipte kry Moses opdrag om al die eersgeborenes af te sonder.

> Ex. 13:1-2 "Toe het JaHUaH met Moses gespreek en gesê: Sonder vir My al die **eersgeborenes** af. Alles wat die moederskoot open onder die kinders van Israel, van mense en van diere, is Myne."

Dan word verklaar dat daardie eersgeborenes losgekoop is en geestelik **gemerk** is.

> Ex. 13:15 – 16 "Want toe Farao swarigheid gemaak het om ons te laat trek, het JaHUaH al die eersgeborenes in Egipteland gedood, van die eersgeborene van die mense af tot die eersgeborene van die diere toe. Daarom offer ek aan JaHUaH alles wat die moederskoot open wat manlik is; maar **al die eersgeborenes** van my seuns **koop ek los**.
> En dit sal as 'n **teken** wees op **jou hand** en 'n **voorhoofsband tussen jou oë**; want JaHUaH het ons deur 'n sterke hand uit Egipte uitgelei."

JaHUaH se verbond, met ander woorde, die My-Verbond, is toe daarna met die **hele Israel** gesluit by Sinai in Ex. 19. Hulle is nou 'n afgesonderde nasie en 'n koninkryk van priesters.

> Ex. 19:5 – 6 "As julle dan nou terdeë na my stem luister en My Verbond hou, sal julle my eiendom uit al die volke wees, want die hele aarde is myne.
> En julle sal vir My 'n **koninkryk van priesters** *(MelekTzadek)* en 'n afgesonderde nasie wees. Dit is die woorde wat jy aan die kinders van Israel moet meedeel."

Maar toe hou hulle nie Sy Verbond nie en aanbid die Goue Kalf terwyl Moses op die berg was (Ex. 32). Daar was egter die Leviete wat **vir JaHUaH was** en nie saamgestem het met die aanbidding van die Goue Kalf nie. Dood volg wanneer JaHUaH se Verbond verbreek word en die Leviete word aangesê om die swaard op te neem, Ex. 32:26 - 29.

Omdat die Verbond van JaHUaH (die My-Verbond) van Ex. 19:5 – 6 verbreek is, sluit JaHUaH nou die 'n-Verbond met die volk.

> Ex. 34:10 "Toe antwoord Hy: Kyk, Ek sluit **'n verbond**; voor jou hele volk sal Ek wonders doen soos daar op die hele aarde en onder al die nasies nie geskape is nie, sodat die hele volk onder wie jy is, die werk van JaHUaH kan sien. Want verskriklik is dit wat ek aan jou gaan doen."
>
> Ex. 34:27 "Verder het JaHUaH vir Moses gesê: Skrywe vir jou hierdie woorde op, want volgens hierdie woorde het Ek **'n verbond** gesluit met jou en met Israel."

Omdat die aanvanklike Verbond nou eers **op ys gesit moet word**, is daar nou 'n **transaksie** aangaande eersgeborenes wat gedoen moet word. Dit behels dat Eersgeborenes met Leviete **omgeruil** moet word.

**Eersgeborenes en Leviete**

Die Orde van MelekTzadik was van die begin af daar, naamlik die eersgeborenes as konings en priesters van hulle uitgebreide families. Nou word daardie stelsel onderbreek en moet daar 'n wettige transaksie geskied om vanaf die een stelsel **oor te beweeg** na die ander **tussentydse** stelsel.

Dit is 'n transaksie waar daar vanaf eersgeborens oorgeskakel moet word na priesters uit die stam van Levi, omdat die Leviete **vir JaHUaH was** tydens die voorval met die Goue Kalf en hulle het hulle nie saam met die volk geskaar in die afgodery nie, Num. 3:6 - 7.

Hierdie Leviete moes nou dien **in die plek van** Eersgeborenes soos wat dit was in die **Orde van Melgisèdek**, maar dit gaan gepaard met 'n **Wetboek** wat nie in die Verbondsark geplaas is nie, maar **langsaan** (Deut. 31:26), anders as die Boek van die Verbond (Tien Woorde/Gebooie) wat binne-in die Verbondsark geplaas is (Ex. 40:20) en gegee is tydens die My-Verbond in Ex. 19:5 – 6.

> Num. 3:12 – 13 "Kyk, Ek self het die **Leviete** geneem onder die kinders van Israel uit **in die plek van** al die **eersgeborenes** wat die moederskoot open, uit die kinders van Israel, dat die Leviete myne kan wees.
> Want **al die eersgeborenes is myne:** op die dag toe Ek **al die eersgeborenes in Egipteland getref het**, het Ek **al die eersgeborenes in Israel vir My afgesonder**, mense sowel as diere; hulle moet myne wees. Ek is JaHUaH."

Nou moet die eersgeborenes **uitgekoop** word, sodat die Leviete nou in hulle plek daardie rol kan speel. Dit is 'n transaksie waartydens hulle met sikkels silwer losgekoop is. Diè wat nie gelykop uitgeruil kon word nie, is met silwer losgekoop.

> Num. 3:40 – 51 "En die JaHUaH het aan Moses gesê: Tel al die manlike eersgeborenes van die kinders van Israel, van 'n maand oud en daarbo, en neem die getal van hulle name op.
> En jy moet vir My—Ek is JaHUaH—**die Leviete neem <u>in die plek van</u> al die eersgeborenes** onder die kinders van Israel, en die vee van die Leviete in die plek van al die eersgeborenes onder die vee van die kinders van Israel.
> En Moses het, soos JaHUaH hom beveel het, al die eersgeborenes onder die kinders van Israel **getel**.
> En al die manlike eersgeborenes volgens die getal name, van 'n maand oud en daarbo, volgens hulle geteldes, was twee en twintig duisend twee honderd drie en sewentig.
> En JaHUaH het met Moses gespreek en gesê:
> Neem die Leviete in die plek van al die eersgeborenes onder die kinders van Israel, en die vee van die Leviete in die plek van hulle vee, sodat die Leviete myne kan wees. Ek is JaHUaH.

> Wat aangaan die loskoping van die **twee honderd drie en sewentig wat oor is bo die Leviete, uit die eersgeborenes van die kinders van Israel**,
> moet jy **per hoof vyf sikkels** neem; volgens die sikkel van die Afgesonderde Plek moet jy dit neem; die sikkel is twintig gera.
> En jy moet die geld as **losprys van die wat onder hulle oor is**, aan Aäron en sy seuns gee.
> Daarop het Moses die loskoopgeld geneem van die wat oor was bo die wat deur die Leviete **losgekoop** was;
> van die eersgeborenes van die kinders van Israel het hy die **geld** geneem, duisend drie honderd vyf en sestig sikkels volgens die sikkel van die heiligdom.
> En Moses het die loskoopgeld aan Aäron en sy seuns gegee volgens die bevel van JaHUaH, soos JaHUaH Moses beveel het."

Omdat dit baie duidelik hier is dat die Leviete in die plek van Eersgeborenes in die Orde van Melgisèdek gekom het, is dit ook baie duidelik dat die twee priesterordes **nie gelyktydig opereer nie**. Dis òf die een, òf die ander. Dis òf die Orde van Melgisèdek òf die Levitiese Orde.

Die eersgeborenes in Egipte is met die **bloed van 'n lam** losgekoop, en nou moet die eersgeborenes wat meer is as die Leviete met **silwer,** die verskil uitbalanseer. **Eers** met **bloed** gekoop, **daarna** met **silwer**. Later sal ons sien hoedat hierdie transaksie weer gekanselleer word.

**Gelowiges as eersgeborenes**

JaHUsha is die eerste Eersgeborene. Elkeen wat in Hom is, is dan ook 'n eersgeborene in gelykvormigheid aan die Seun.

> Rom. 8:29 "Want die wat Hy vantevore geken het, diè het Hy ook vantevore verordineer om gelykvorming te wees aan die beeld van Sy Seun, **sodat Hy die Eersgeborene kan wees** onder baie broeders .."

> Jak. 1:18 "Volgens Sy wil het Hy ons voortgebring deur die Woord van die Waarheid sodat ons as **eerstelinge** van Sy skepsels kan wees."

Gelowiges in Messias JaHUsha vorm 'n gemeente van eersgeborenes.

> Heb. 12:22 – 23 "Maar julle het gekom by die berg Sion en die stad van die lewende Elohim, die hemelse Jerusalem en tienduisende engele, by die feestelike vergadering en die **gemeente van eersgeborenes** wat in die hemel opgeskrywe is, en by Elohiem, die Regter van almal, en by die geeste van die volmaakte regverdiges, en by JaHUsha, die Middelaar van die Nuwe Testament, en die bloed van die besprenkeling wat van beter dinge spreek as Abel."

Nou verstaan ons eindelik wat bedoel word wanneer Petrus sê dat ons 'n **Koninklike Priesterdom** sal wees (1 Pet. 2:9), omdat die eersgeborene die koning en priester was in die Orde van Melgisèdek.

Johannes getuig ook dat JaHUsha as Eersgeborene ons weer daardie **Konings en Priesters** kom maak het.

> Open. 1:5 – 6 "en van JaHUsha Messias, die getroue getuie, die **Eersgeborene uit die dode** en die Owerste oor die konings van die aarde! Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons

> sondes gewas het in sy bloed en ons gemaak het **konings en priesters** vir sy Elohiem en Vader, aan Hom die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid!  Amein."

In Openbaring 5 word dit as ‘n **nuwe lied** gesing dat daar ‘n loskoping plaasgevind het deur die Bloed van JaHUsha sodat die Melgisèdekorde weer in plek is, naamlik **Eersgeborenes** as **Konings en Priesters.**

> Open. 5:9 – 10  "Toe sing hulle ‘n nuwe lied en sê:  U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het **ons** vir Elohiem met **U bloed** **gekoop** uit elke stam en taal en volk en nasie, en het ons **konings en priesters** *(MelekTzadek)* vir onse Elohiem gemaak, en ons sal **as konings op die aarde heers**."

Dit kan net geskied deur ‘n wettige transaksie wat die transaksie van Num. 3 sal kanselleer.

**Transaksie van omkering**

Die transaksie wat in Num 3 plaasgevind het waar eersgeborenes uitgeruil en losgekoop is met **silwer**, is nou weer omgekeer deur **nog** ‘n transaksie**,** naamlik die loskoping met die **Bloed** van **JaHUsha** as **Messias**.

Daar is nou **geen sikkels silwer** betrokke soos in Num. 3 nie, maar wel bloed.  Daardie silwer was **verganklik**, net soos wat die Levitiese priesterskap **verganklik** was, terwyl die teendeel waar is van die Orde van Melgisèdek, want die **lewe is in die Bloed** van Messias JaHUsha (Lev. 17:11).

> 1 Pet. 1:18 - 21  "omdat julle weet dat julle **nie deur verganklike dinge, silwer of goud**, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, maar **deur die kosbare bloed van Messias**, soos van ‘n lam sonder gebrek en vlekkeloos, wat wel vooruit geken is voor die grondlegging van die wêreld, maar in hierdie **laaste tye geopenbaar is** om julle ontwil, julle wat deur Hom glo in Elohiem wat Hom uit die dode opgewek en Hom heerlikheid gegee het, sodat julle geloof en hoop op Elohiem kan wees."

JaHUsha Messias was dus self die losprys om die Levietiese priesters weer met Eersgeborenes te vang.


> 1 Tim.2:5 – 6  "Want daar is een Elohiem en een Middelaar tussen Elohiem en die mense, die mens Messias JaHUsha, wat **Homself** gegee het as ‘n **losprys** vir almal, as die getuienis op die regte tyd."

Jesaja het hierdie ondeurgrondelike waarheid besef en daarvan geprofeteer.  Sion is JaHUaH se geestelike Volk.

> Jes.  51:11  "So sal dan **die losgekooptes van JaHUaH** teruggaan en na Sion kom met gejubel, en **ewige vreugde sal op hulle hoof** wees;  vreugde en blydskap sal hulle verkry;  kommer en gesug vlug weg."

**Kleed van die eersgeborene**

Daar was ‘n spesifieke kleed wat eersgeborenes gedra het.  Met daardie kleed is hulle ook afgesonder as ‘n eersgeborene wat die Koning-Priester of dan Melgisèdek sou word.  Dit was ‘n eenvoudige lang, wit, linne kleed met lang moue.  Dit was ‘n kleed van eer en het ‘n hoë posisie aangedui.



Josef se kleed is in Engels vertaal as ‘coat of many colours’, maar dit is nie reg vertaal nie. Die Afrikaans sê dis ‘n rok met lang moue, hoewel die een vers sê ‘n ‘lang rok met moue’, maar sekerlik is dit anders om, want die ander vers het dit wel reg as ‘n ‘rok met lang moue’.

> Gen. 37:3 “En Israel het Josef meer liefgehad as al sy seuns; want hy was vir hom ‘n seun van sy ouderdom; en hy het vir hom ‘n lang rok met moue *(**rok met lang moue**)* gemaak.”

> Gen. 37: 23 is beter vertaal as ‘n ‘rok met lang moue’.

“En toe Josef by sy broers kom, trek hulle Josef se rok uit, **die rok met lang moue** wat hy aangehad het.”

Barbara M. Bowen skrywe in 1940 in haar boek “Strange Scriptures” oor die kleed van Josef.

> *“This “coat of many colours”, so called, was a plain long white shirt, the kamise, or undergarment of the desert ranger. In nearly all of those garments the sleeves were of moderate size, but the Bedouin told us that only two people in each whole tribe are allowed the privilege of the extremely long pointed sleeve – the Sheikh of the tribe and the man whom he had chosen as his heir.*
>
> *So the wrath of the elder brothers was not an outburst of childish anger. It represented a very deep-seated hurt of mature men whose claim to succession to the leadership of their tribe had been set aside for their younger brother.*
>
> *However, we must see Jacob’s viewpoint and feeling about it, too. Jacob had been fearfully deceived by his father-in-law when, after serving seven years for Rachel, the woman he loved, he was given Leah for his wife instead. Then he served seven years more for Rachel. Had Jacob married Rachel as he desired, her son would have been Jacob’s heir.*
>
> *As it was, Leah’s sons were born first, but Jacob very much desired that his wife Rachel’s son, Joseph, should be heir as he should have been. Therefore, Jacob makes, or has made, the garment with the long sleeves to be worn **by his heir** and gives it to **Joseph**.”*

Ruben wat wel by Lea die oudste seun was, het Jakob se bed beklim en dit het hom sy **eersgeboortereg gekos**. Hy was dus nie Tzadik (regverdig) nie. Hy sou nie meer die vernaamste wees nie en **Josef** het sy **eersgeboortereg gekry** soos die rok met lang moue ook al uitgewys het.

> Gen. 49:3 "Ruben, jy is my eersgeborene, my krag en die eersteling van my sterkte; die vernaamste in hoogheid en dier vernaamste in mag!
> Opbruising soos van waters – **jy sal die vernaamste nie wees nie**, want jy het die bed van jou vader beklim; toe het jy dit ontwy. Hy het my bed beklim."

> 1 Kron. 5:1 – 2 "En die seuns van Ruben, die eersgeborene van Israel – want hy was die eersgeborene; maar omdat hy die bed van sy vader nie afgesonder het nie, is **sy eersgeboortereg aan die seuns van Josef**, die seun van Israel, gegee, maar hy moes nie in die geslagsregister volgens die eersgeboortereg aangegee word nie".

Aäron as Hoëpriester het ook so 'n kleed gedra, sowel sy seuns as die priesters. Daarna, ook die Leviete as priesters. Dis nie verbasend nie, want ons het nou geleer dat die Leviete die eersgeborenes vervang het nà die Goue Kalf aanbidding.

> Ex. 28:39 – 40 "Jy moet ook die **rok van fyn linne** kunstig bewerk. Jy moet ook 'n tulband van fyn linne maak, en 'n gordel moet jy van veelkleurige werk maak.
> En maak **rokke** vir die **seuns van Aäron**, en maak vir hulle gordels. Ook moet jy vir hulle musse maak, tot eer en sieraad."

JaHUsha as Eersgeborene het ook so 'n kleed gehad en daaroor is die lot gewerp sodat dit nie geskeur sou word nie. Daardie kleed van Hom wat **nie geskeur is nie**, is die bewys dat Sy Priesterskap, die Orde van Melgisèdek wat volgens eersgeborenes opereer, nou van krag is.

Aan die ander kant is Kajafas se kleed geskeur. Hy was hoëpriester vir die Levitiese orde**.** Met die skeur van Kajafas se kleed het daardie priesterskap net daar en dan **tot 'n einde gekom**. Die Levitiese priesterskap het die eersgeborenes net **tydelik** vervang en daardie tydperk het daar tot 'n einde gekom. Dit is wat die skeur van Kajafas se kleed gesimboliseer het.

> Lev. 21:10 "En die priester wat die hoogste onder sy broers is, op wie se hoof die salfolie uitgegiet is en wat as priester aangestel is om die klere aan te trek – hy mag sy hare nie laat loshang en **geen skeure in sy klere maak nie**."

> Joh. 19:23 – 24 " ….. maar die onderkleed was sonder naat, van bo af in een stuk gewewe.
> En hulle het vir mekaar gesê: **Laat ons dit nie skeur nie** (Lev. 21:10), maar laat ons die lot daaroor werp, wie s'n dit sal wees ……"

Net soos Kajafas se kleed is die "kleed" van die Mees Afgesonderde Plek (Allerheiligste) ook geskeur, naamlik daardie dik, swaar gordyn wat die Woord die "Voorhangsel" noem. (Sien DIE GORDYN EN DIE SKEIDSMUUR VAN SONDE).

> Matt. 27:51 "En kyk, die Voorhangsel van die tempel het in twee geskeur, van bo tot onder, en die aarde het gebewe en die rotse het geskeur."

Dit het gebeur omdat die Mees Afgesonderde Plek (*Kodesh Kodeshim*), die Hemele voorstel waar die Woonplek van JaHUaH is. Dit is waar Sy troon is en waartoe ons as eersgeborenes, as die Bruid, nou voortdurende toegang sou hê en nie soos in die fisiese Tabernakel net een maal per jaar met Jom Kippur nie.

> Heb. 4:14 "Terwyl ons dan 'n **groot Hoëpriester** het wat deur die hemele deurgegaan het, *naamlik* **JaHUsha**, die Seun van Elohiem, laat ons die belydenis vashou.
> Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar Een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, *maar* sonder sonde.
> Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die <u>regte tyd</u> *(nie net een maal per jaar met Jom Kippur nie)* gehelp te word."

> Heb. 10:20 – 23 "Terwyl ons dan, broeders, vrymoedigheid het om in die Afgesonderde Plek in te gaan deur die Bloed van JaHUsha op die nuwe en lewende weg wat Hy vir ons ingewy het **deur die Voorhangesel heen**, dit is **Sy Vlees**, en ons 'n groot Priester oor die Huis van Elohiem het, laat ons toetree met 'n waaragtige hart in volle geloofsversekerdheid, die harte deur besprenkeling gereining van 'n slegte gewete en die liggaam gewas met rein water."

**Wit klere**

Gelowiges as **eersgeborenes** sal dan geestelik ook met daardie kleed van eersgeborenes beklee word, soos aan sommiges in die gemeente van Sardis belowe is, terwyl die res van die gemeente andersins betig is.

> Open. 3:4 – 5 "Maar jy het enkele persone ook in Sardis wat hulle klere nie besoedel het nie, hulle sal **saam met My in wit klere** wandel, omdat hulle dit waardig is.
> Wie oorwin, sal **beklee word met wit klere**, en ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie, en Ek sal sy naam bely voor My Vader en voor Sy engele."

Die gemeente van Laodicèa word aangeraai om **wit klere** te koop, wat beteken dat hulle nog nie deur die **bloed van JaHUsha losgekoop is** om **eersgeborenes** te wees nie. Hoewel hulle godsdienstig is, is hulle **geestelik naak** en sonder die kenmerkende kleed van 'n eersgeborene. Hulle het nog nie die bloed toegepas aan hulle hartsdeure nie en JaHUsha staan daar en klop om in te kan ingaan.

> Open. 3:18 "Ek raai jou aan om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word; en **wit klere, dat jy jou kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie**; en salf om jou oë te salf, sodat jy kan sien."

Hierdie wit linne kleed is dan uiteindelik ook die kleed van die Bruid. Die My-Verbond in Ex. 19:5 – 6 is met Israel gesluit as 'n **Bruid** vir JaHUaH.

> Open. 19:8 "En aan haar is gegee om bekleed te wees met **rein** en **blink fyn linne**, want die **fyn linne** is die **regverdige dade** van die afgesonderdes."

Hier word gesê dat die **regverdige dade** die **fyn linne** is. Regverdig is 'tzadik' in Hebreeus. Dit is dus die **kleed** van die MelekTzadek, die eersgeborene. Regverdig is 'om 'n reguit weg te bewandel', die weg volgens die geestelike Torah van die Messias JaHUsha wat opereer onder die Torah van JaHUaH Elohim.

**Dubbele porsie van Eersgeborenes**

Ons sien in die Torah dat eersgeborenes 'n dubbele porsie gekry het.

> Deut. 21:17 "Maar hy moet die eersgeborene, die seun van die nie-geliefde voru, erken deur aan hom 'n **dubbele deel** te gee van alles wat hy besit; want hy is die eersteling van sy krag: die eersgeboortereg is syne."

Die profete bevestig dat daar 'n dubbele porsie wag vir die treurendes in Sion.

> Jes. 61:7 "In plaas van julle skande *ontvang julle* 'n **dubbele deel**; en in plaas van die smaad sal hulle jubel oor hul deel. Daarom sal hulle **in hul land 'n dubbele deel in besit neem**, ewige vreugde geniet."

> Sag. 9:12 "Keer terug na die vesting, o hoopvolle gevangenes! Ook kondig Ek vandag aan dat Ek jou **dubbel** sal vergoed."

As boodskapper van JaHUaH het Elisa 'n dubbele salwing kry. Hy het dubbeld gekry wat EliJaHU gekry het.

Elisa is 'n tipe van JaHUsha (Elisha beteken: My Elohiem red**).** Sy Gees bly in ons om ons aangaande alles te leer en Hy wat in ons is, is groter as die vyand hy wat buite staan (1 Joh. 4:4 – 6).

> 1 Joh. 2:27 "En die **salwing** wat julle van Hom ontvang het, bly in julle, en julle het <u>nie nodig</u> <u>dat iemand julle leer nie</u>; maar **soos dieselfde salwing julle aangaande alles leer**, so is dit ook waar en geen leuen nie; en soos diè julle geleer het, so moet julle **in Hom bly**."

**Samevatting**

Van die begin af was dit die Koning-priesterskap van die Melgisèdekorde. Dit is onderbreek deur die aanbidding van die Goue Kalf toe die Levitiese orde dit tydelik vervang het, totdat JaHUsha as Eersgeborene van die Vader (ons Koning-Priester) die Levitiese orde kom vervul en vervang het en so weer die MelekTzadekorde in werking gestel het waar elkeen wat in JaHUsha is 'n eersgeborene is. Dit is die "gemeente van eersgeborenes".

Sonder hierdie perspektief aangaande eersgeborenes mis ons die betekenis van vele skrifte. Aan die anderkant, mèt hierdie insig, sluit dit 'n menige skrifte oop wat nooit ten volle verstaan kon word nie.

0-0-0-0-0-0

AndriYaH
2016